Ek is...

Poortbode

19 Julie 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Teks: 2 Kor. 12:8

Tema: Die Heilige Gees se genade.

Prediker: Ds. Johan de Wet

1. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elke lidmaat wat 19-25 Julie verjaar. Mag jou spesiale dag vol vreugde, liefde en seën wees.

2. GEBEDSVERSOEKE:

Ons bid vir elkeen wat siek, eensaam, moedeloos of bekommerd is. Ons dink veral aan Dawie Bodenstein, wat nog 'n wyle in die hospitaal gaan wees. Mag die Here self elkeen vertroos en versterk.

3. PASTORALE BESOEKE:

Indien jy besoek van een van ons predikante verlang, is jy baie welkom om hulle op hul selfone vir 'n afspraak te skakel.

4. EREDIENS 26 JULIE 2020

Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na. *Môre se 9:00-erediens sal sodra dit geredigeer is, per whatsapp uitgestuur word.*

5. NUWE LIDMATE:

Nuwe lidmate is welkom om die lid-maatskapvorm op ons webwerf: www.hartiesng.org af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by hartiesng.org of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

Baie welkom aan ons volgende nuwe lidmate:

a. Danie en Juanita Venter met Samantha en Keith van Plot 110, De Kroon.
Sel: 082 776 7540

b. Pieter en Ilana Mans met Bertho van Geere-straat 161, Danville.
Sel: 061 445 2498

Ons glo julle deelwees van ons geloofsgemeen-skap gaan vir julle net tot seën wees.

6. FOTO'S VAN ELKE LIDMAAT:

Om ons lidmaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto na: komm@hartiesng.org stuur, asseblief. Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

7. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: Danville.

8. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie: **Harties NG Kerk** en **Harties NG Jeug** - lewer gerus kommentaar of lewer ‘n bydra.

9. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

10. HEILSMUUR:

Op pad saam met Job.

Streef na groei, nie na regverdiging nie!

Job wou hê God moet hom regverdig in die oë van sy vriende. (Job 30:1 en 9) Wanneer Elihu hom, namens God, in hoofstukke 32-37 begin antwoord, wys hy Job daarop dat sy fokus op sy beproewings verkeerd was. God onderrig en kasty. (Job 33:12-22).

Job was seker van sy onskuld... Hy weet God het Sy redes. In Jakobus 1:5 word ons aangemoedig om God vir Sy wysheid te vra. Selfs Jesus is deur beproewings. (Heb. 5:8) God wil hê dat ons moet groei. Daarom word ons periodiek gesnoei om groei aan te wakker. (Joh.15:2)

Dankie Here dat U soms klippe in ons pad plaas, sadat ons in ons (eie-ek) kan struikel... ons U wil kan soek en daarvolgens wandel. AMEN.